

## LES 13: VOLHARD TOT DIE EINDE

'n Derde van die Bybel bestaan uit profesieë en ongeveer 90% van die profesieë verwys na die eindtyd. Meeste mense dink nie aan wat in die eindtyd gaan gebeur nie, omdat 'n vals leerstelling verkondig word. Gedurende die laaste eeu verkondig Christene dat gelowiges na die hemel weggeraap gaan word voordat die eindtyd verdrukking sal begin. Dit vorm deel van 'n ander vals leerstelling wat beweer dat Yahshua twee keer gaan kom; eerstens, om die gelowiges, kinders (en selfs hul troeteldiere) weg te raap na die hemel voordat die 7 jaar verdrukkingperiode begin; dan sal Hy 'n tweede keer kom, aan die einde van die 7 jaar periode, om teen die wêreld se leërmagte oorlog te maak by Armageddon. Volgens die wegraping teorie sal miljoene ongelowiges na die wegraping tot bekering kom en 'n groot herlewing sal plaasvind. Die wegraping leerstelling is baie ver van die waarheid verwyder en is nie op die Woord gegrond nie. *2 Tessalonisense 2:3* praat van 'n afvalligheid, 'n wegdwaling van die waarheid na wetteloosheid; nie 'n groot herlewing nie.

### 13.1 Waar kom die wegraping teorie vandaan? Waar en wanneer het dit begin?

Edward Irving, 'n Skot van herkoms, was die voorloper vir die stigting van Pentekostalisme en die Charismatiese bewegings. Hy was 'n omstrede spreker wat verantwoordelik was vir die ontwikkeling van pre-millennialisme in die 19de eeu, asook die revolusie in profesie en spekulasie oor die wegraping. Gedurende die 1830's en 1840's was die vals leerstelling van die wegraping tydens 'n geheime wederkoms van die Messias aan baie ander groepe bekendgestel.

Daar was sommige leiers wat Irving se leerstellings teengestaan het, maar die "Brethren Church", "Plymouth Brethren" en die Scofield Bybel het die vals leerstelling na Amerika en ander nasies versprei. Dr. Scofield was 'n goeie vriend van Irving en het die wegraping teorie by sy voetnotas in die Scofield Bybel ingesluit. Die wegraping teorie word sedertdien deur menigte as feit aanvaar, alhoewel dit nie op Bybelse feite gegrond is nie. Let wel, Irving het 'n voorspelling gemaak dat die einde van die wêreld in 1847 sou wees. Daar word nie op sy valse voorspelling gefokus nie, maar wel die vals wegraping teorie wat as waarheid verkondig word.

**Yahshua, Sy dissipels en volgelinge het nie aan die wegraping geglo of dit verkondig nie.**

### 13.2 Wat is die waarheid? Wat is die Bybelse bevel van die eindtyd?

*1 Tess 1:10 en dat julle Sy Seun wat Hy uit die dood opgewek het, uit die hemel verwag, Yahshua deur wie ons gered word van die oordeel wat kom [ANV 1983].*

Die vervolging en wegraping teorie is gegrond op die verkeerde begrip van 'n paar algemene Bybel teksverse asook die leser en leraar se eie interpretasie. Die Skrif sê duidelik dat dit verkeerd is.

*2 Pet 1:20-21 terwyl julle veral dit moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van Elohim gespreek.*

*1 Tess 1:10 spreek van die oordeel van Yahweh teenoor die ongelowiges en heidene, wanneer Yahshua terugkom na die aarde (ook genoem die Dag van Yahweh).*

Lees nou die volgende teks.

*1 Tess 2:16 deurdad hulle ons verhinder om tot die **heidene** te spreek dat hulle gered kan word, sodat hulle die maat van hulle sondes gedurig vol kan maak. **Maar die toorn (oordeel) het oor hulle gekom tot die einde toe.***

Die teks verwys na die oordeel van Yahweh wat gerig is teenoor sondaars wat op daardie dag na die poel van vuur gestuur word. Gelowiges (verwys na Les 1) is reeds deur die bloed van Yahshua gered en sal nie na die poel van vuur gestuur word nie.

Nêrens in die Bybel is daar 'n belofte dat gelowiges nie sal swaarkry of vervolgt word nie. Al die dissipels was tot die dood toe gemartel en die mees vrome en regverdiges heiliges was deur die eeue heen gefolter vir die naam van Yahshua Yahweh. Elke nege minute word daar êrens in die wêreld 'n gelowige gemartel en vermoor. Die mees afskuwelike marteling van gelowiges vind plaas in Noord Korea, Pakistan, Afganistan, Egipte, Saoedi Arabië en in menigte Afrika lande.

### **Vra jouself die volgende twee vrae:**

- 1.) Hoekom gaan al hierdie gelowiges deur soveel swaarkry en marteling, terwyl die Christene van die eindtyd weggeraap gaan word sonder enige swaarkry en vervolging?
- 2.) Is die Noord Koreane en Pakistani broeders en susters enigsins minder werd in die oë van Yahweh as wat die Suid-Afrikaans, Amerikaans of Europese gelowiges is?

Die Woord dui nêrens aan dat ons nie sal swaarkry nie, intendeel, dit sê die teenoorgestelde.

*Joh 16:33 Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrinking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin.*

Hierdie vers bevestig dat gelowige volgelingen van Yahshua definitief sal swaarkry deur beproewing en vervolging sodat ons gereinig word van hierdie wêreld en 'n sondelose lewe nastreef. Dit is waarom Yahweh vir ons vryheid van keuse gee en nie Sy wil op ons afdwing nie. Ons moet leer vanuit ons beproewinge sodat dit ons voorberei om saam met Yahshua in Sy Koninkryk te heers.

### **13.3 Gelowiges sal swaarkry onder die Diere mag van die Verenigde wêreld regering**

*Dan 7:19 Toe wou ek sekerheid verkry oor die vierde dier wat van al die ander verskillend was, buitengewoon vreeslik, met ystertande en met koper kloue, wat verslind, vermorsel en die oorskot met sy pote vertrap het,*

*Dan 7:20 en oor die tien horings wat op sy kop was, en die ander een wat opgekom het en waarvoor drie geval het, naamlik hierdie horing wat oë en 'n mond gehad het wat groot dinge gespreek het, terwyl sy gestalte groter was as van die ander.*

*Dan 7:21 Ek het gesien dat hierdie horing **oorlog voer met die heiliges en hulle oorwin.***

*Op 13:1 En ek het op die sand van die see gaan staan. En ek het 'n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy koppe 'n naam van godslastering.*

*Op 13:5 En 'n mond is aan hom gegee wat groot woorde en godslasteringe uitspreek, en aan hom is mag gegee om dit twee en veertig maande lank te doen.*

*Op 13:7 Dit is ook aan hom gegee om **oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin**, en aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie.*

*Op 13:8 En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie.*

*Op 13:9 As iemand 'n oor het, laat hom hoor.*

*Op 13:10 As iemand krygsgevangenes maak, gaan hy in krygsgevangenskap; as iemand met die swaard doodmaak, moet hy met die swaard doodgemaak word. Hier is **die lydsaamheid en die geloof van die heiliges.***

Vanuit die Skrif word dit bewys dat gelowiges nie weggeraap gaan word nie, maar vervolgt sal word deur die Diere mag wat vir 42 maande sal heers (Op 13:5). Menigte mense sal die Diere mag navolg en gehoorsaam. Die Diere mag sal oorlog verklaar teenoor die ware verbondsvolk en hulle vervolgt omdat Satan 'n haat koester teenoor Yahweh se volgelingen.

Yahweh sal die vervolging van sy ware verbondsvolk toelaat, in die hoop dat hulle gereinig word deur beproewinge teen te staan, sodat hul bruilofskleed (*Matt 22:12,14*) wit gewas word vir die koms van Yahshua wanneer hulle saam met Hom in die Koninkryk sal heers in die millennium.

*Dan 7:21 Ek het gesien dat hierdie horing oorlog voer met die heiliges en hulle oorwin,  
Dan 7:22 totdat die Oue van dae kom en aan die heiliges van die Allerhoogste reg verskaf is en die bepaalde tyd gekom het dat die heiliges die koninkryk in besit geneem het.*

*Dan 7:18 en die heiliges van die Allerhoogste sal die koningskap ontvang, en hulle sal die koninkryk in besit neem tot in ewigheid, ja, tot in alle ewigheid.*

Diegene wat die wegraping teorie as leerstelling aanvaar en ander daarin onderrig, verstaan nie die laaste 7 jaar van die eindtyd nie en ook nie hoe lank die vervolging op aarde sal wees nie. Meeste Christen leraars verkondig dat daar 'n "Groot Vervolging" vir 3 en ½ jaar sal wees en dat dit die oordeel van Yahweh is, maar dat gelowiges daarvan vrygestel sal word. Nêrens in die Skrif staan geskryf dat daar 'n "Groot Vervolging" vir 3 en ½ jaar sal wees en dat dit Yahweh se oordeel periode is nie. Die Skrif spreek van teistering, beproewing en vervolging, maar dit is NIE die 42 maande (3 en ½ jaar) tydperk waarna die wegraping leraars verwys nie. Die 42 maande periode waarna hulle verwys is die heerskappy van die Diere mag en die tyd van Jakob se benoudheid (*Jeremia 30:7*).

*Op 13:5 En 'n mond is aan hom gegee wat groot woorde en godslasteringe uitspreek, en aan hom is mag gegee om dit **twee en veertig maande lank te doen**.*

Nêrens in die Skrif word die 42 maand periode "Die Groot Verdrukking" genoem nie. Die 42 maande periode word ook NIE die Dag van Yahweh genoem NIE. Die 42 maande heerskappy van die dier en die Dag van Yahweh is twee verskillende tydperke.

#### **13.4 Sal gelowiges werklik vervolgt word tydens die 42 maande heerskappy van die Diere mag?**

*Op 13:8 En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie*

*Op 13:12 En hy oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid, waarvan die dodelike wond genees is.*

*Op 13:13 Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense.*

Gedurende die 42 maande heerskappy van die dier, wat sal begin net na 'n groot oorlog, sal meeste mense glo dat die Anti-Messias die ware Messias is omdat hy die antwoord sal wees vir die mensdom se probleme daarom sal hulle hom aanbid. Gedurende daardie tyd sal vrede op aarde oënskynlik herstel word want toestande op aarde sal skynbaar verbeter. Dit is egter die tydperk van die 7 trompette soos uiteengesit en bespreek in Openbaring 8 en 9. Yahshua sal terugkeer met die blaas van die 7de trompet, wanneer die oordeel van Yahweh sal plaasvind teenoor wettelose, sondaars op aarde wat Satan se Diere mag aanbid en gehoorsaam het.

#### **13.5 Yahshua se wederkoms met die blaas van die 7de trompet**

*Matt 24:21 Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie.*

Die tydperk van verdrukking word die "Dag van Yahweh" genoem, wanneer Sy oordeel teenoor die sondige mens sal begin. Dit is die tydperk, volgens die Woord, waarvan ware gelowiges vrygestel sal word. Die "dag van Yahweh" kom egter aan die einde van die 42 maande heerskappy van die dier, soos aangeteken in Openbaring 13. Geen wegraping gebeur voor die "dag van Yahweh" nie, want die Woord sê vir ons dat die diere mag oorlog voer teen die gelowiges (*Op 13:7*).

Op 15:1 En ek het 'n ander teken in die hemel gesien, groot en wonderlik: sewe engele met die sewe laaste plaë, want daarmee is **die grimmigheid van Yahweh voleindig**.

Jes 13:6 Huil julle, want **die dag van Yahweh is naby**; hy kom as 'n verwoesting van die Almagtige.

Jes 13:7 Daarom word al die hande slap, en elke mensehart versmelt;

Jes 13:8 en hulle is verskrik, kry krampe en weë; hulle krimp inmekaar soos een wat baar; die een kyk die ander verbaas aan; hulle gesigte is vlamme gesigte.

Jes 13:9 Kyk, die **dag van Yahweh kom**, verskriklik, met grimmigheid en toornloed, om die aarde 'n woesteny te maak en **sy sondaars daaruit te verdag**.

Jes 13:10 Want die sterre van die hemel en sy Orions sal hulle lig nie laat skyn nie; die son is duister by sy opgang, en die maan laat sy lig nie skyn nie.

Jes 13:11 En Ek sal aan die wêreld sy boosheid besoek, en aan die goddelose hulle ongeregtigheid; en Ek sal die trots van die vermeteles laat ophou en die hoogmoed van tiranne verneder.

Jes 13:12 En Ek sal sterweling skaarser maak as fyn goud, en mense as goud van Ofir.

Jes 13:13 Daarom sal Ek die hemel laat sidder, en die aarde sal wyk uit sy plek met gebeef vanweë die **grimmigheid van Yahweh van die leërskaare en vanweë die dag van Sy toornloed**.

Joël 1:15 Ag, die dag! Want naby is **die dag van Yahweh**, en hy kom soos 'n verwoesting van die Almagtige.

Joël 2:1 Blaas die basuin op Sion, en blaas alarm op my heilige berg! Laat al die inwoners van die land bewe, want **die dag van Yahweh kom**, want hy is naby—

Joël 2:2 'n dag van duisternis en donkerheid, 'n dag van wolke en wolkenag; soos die môreskemering, uitgesprei oor die berge, kom 'n talryke en magtige volk, wat van oudsher sy gelyke nie gehad het nie en dit hierna ook nie sal hê tot in die jare van die verste geslagte nie.

Joël 2:3 Voor hom uit verteer 'n vuur, en agter hom brand 'n vlam; voor hom lyk die land soos die tuin van Eden, en agter hom is dit 'n woeste wildernis; ook kan niks daaraan ontkom nie.

Joël 2:10 Voor hulle bewe die aarde, sidder die hemel; die son en die maan word swart, en die sterre trek hulle glans in.

Joël 2:11 En Yahweh verhef sy stem voor sy leërmag uit; want geweldig groot is sy leer, ja, magtig die uitvoerder van sy woord. **Want die dag van Yahweh is groot en uitermate vreeslik, en wie kan dit verdra?**

Die Bybel tekste verwys duidelik na die "Dag van Yahweh". Die oordeel van Yahweh word voorafgegaan deur die 7 skale (Openbaring 16). Yahshua se wederkoms sal met die blaas van die sewende trompet aangekondig word. Die oordeel van Yahweh (en NIE die 42 maande heerskappy van die Dier) sal die uitermatig vreeslikste tyd wees wat die wêreld nog gaan sien en beleef. Yahshua het gesê:

Luk 21:7 En hulle vra Hom en sê: Meester, wanneer sal dit dan wees, en wat is die teken wanneer dit gaan gebeur?

Luk 21:8 En Hy antwoord: Pas op dat julle nie mislei word nie; want baie sal onder my Naam kom en sê: Dit is ek! en: Die tyd is naby! Gaan dan nie agter hulle aan nie.

Luk 21:9 En wanneer julle hoor van oorloë en opstande, moenie skrik nie; want dié dinge moet eers plaasvind, **maar dit is nie dadelik die einde nie**.

Luk 21:10 Toe sê Hy vir hulle: **Die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander**.

Luk 21:11 En daar sal groot aardbewings op verskillende plekke wees en hongersnode en pessiëktes; en daar sal verskriklike dinge en groot tekens van die hemel kom.

Luk 21:12 **Maar voor al hierdie dinge sal hulle die hande aan julle slaan en julle vervolg en oorlewer in sinagoges en gevangnisse en julle voor konings en goewerneurs bring ter wille van my Naam**.

Daar sal 'n wêreld oorlog wees wat hongersnood en pessiëktes voortbring. Aardbewings sal vermeerder, wat ons alreeds vandag ondervind. Die wêreld oorlog sal lei tot die 42 maande bewind van die Diere mag, soos bespreek in Daniël en Openbaring, waartydens menigte mense die sataniese mag sal aanbid, omdat hulle onder die indruk sal wees dat die vals Dier die Messias is. Die Diere mag sal oorlog voer teen die gelowiges en hulle oorwin.

Aan die einde van die 42 maande heerskappy van die Diere mag, met die blaas van die 7de trompet in *Openbaring 11* en *19* sal Yahshua terugkeer na die aarde. Gelowiges (die wat alreeds gesterf het en die lewendes) sal Hom in die lug ontmoet en Hy sal die laaste 7 skale, die oordeel van Yahweh op die aarde laat losbars.

*1Tess 4:17 Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Meester tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Meester wees.*

### **13.6 Hoe lank sal die oordeel van Yahweh duur?**

*Num 14:34 Volgens die getal dae dat julle die land verken het, veertig dae, vir elke dag een jaar, moet julle jul ongeregtighede dra, veertig jaar lank, en my teëstand gewaar word.*

Alhoewel dit nie duidelik in die Skrif uiteengesit is nie, wil dit blyk asof die oordeel van Yahweh nie langer as een jaar sal duur nie, andersins sal niemand op aarde oorleef nie.

*Matt 24:22 En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word.*

Die Woord van Yahweh, soos in die Bybel aangeteken, kan nie verander word nie, omdat Yahweh alles sal volbring.

*Jes 55:11 so sal My Woord wees wat uit My mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur.*

Die Dier sal 42 maande heers, die twee getuies sal 1260 dae profiteer, maar nêrens in die Skrif gee Yahweh vir ons 'n spesifieke tyd hoe lank die "*Dag van Yahweh*" se oordeel sal wees nie. Volgens die Skrif word dit aangeteken dat die dae verkort sal word, anders sal niemand die mees verskriklikste tyd oorleef nie. Dit sal definitief nie vir 3½ jaar wees nie en van die gevolgtrekking van die Skrif sal dit korter wees as een jaar.

### **13.7 Vals leerstellings wat deur leraars gebruik word om die wegraping teorie te ondersteun**

*Op 4:1 Hierna het ek, Johannes, in die hemel 'n deur gesien wat oopgemaak is, en die stem, soos die geluid van 'n trompet, wat ek die eerste keer met my hoor praat het, het gesê: "Kom op hierheen, en Ek sal vir jou wys wat hierna moet gebeur." [ANV 1983]*

Die leraars van die wegraping teorie verkondig dat *Openbaring 2* en *3* oor die kerk handel. In *Openbaring 4:1* gaan 'n deur oop in die hemel en hulle beweer dat dit die kerk is wat daardeur opgeneem word. Dit was die apostel Johannes wat in die gees opgeneem was om 'n visioen te sien van dit wat in die eindtyd gaan gebeur. Daar is niks wat aandui dat Johannes die hele kerk verteenwoordig nie. Daar is ook niks in die teks wat aandui dat Yahshua vir Johannes iets oor die wegraping leer nie. In *Openbaring 4:1* praat Yahshua met Johannes van die vervulling van dit waarvan Hy gepraat het in *Openbaring 1:19* ("*Skryf die dinge op wat jy gesien het, die wat is, sowel as die wat gaan gebeur...*"). Selfs as daar na die grammatiese sintese van die vers gekyk word sal die leser sien dat daar slegs na Johannes verwys word en nie na die hele kerk nie.

*Luk 17:26 En soos dit gebeur het in die dae van Noag, so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die mens:*

*Luk 17:27 hulle het geëet en gedrink, hulle het getrou en is in die huwelik gegee tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het, en die sondvloed gekom en almal vernietig het.*

Luk 17:28 *Net soos dit ook gebeur het in die dae van Lot: hulle het geëet en gedrink, gekoop en verkoop, hulle het geplant en gebou.*  
Luk 17:29 *Maar op die dag toe Lot van Sodom uitgaan, het **vuur en swawel van die hemel af gereën en almal vernietig.***  
Luk 17:30 *Net so sal dit wees in die dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar word.*

Vals leraars verkondig dat Christene ook soos Noag en Lot gered sal word deur die wegraping.

Sommiges lees *Lukas 17:26-30* en sien dat die gelowiges gered sal word (en dit is gedeeltelik waarna die teks verwys) maar die teks gaan hoofsaaklik oor die vernietiging van sondaars deur Yahweh se oordeel. Die sondaars in die tyd van Noag en Lot was onbewus van die gevaar wat sou kom en het voortgegaan met hul daaglikse lewe sonder om hul sondes te bely. Daarom was hulle almal vernietig toe Yahweh se oordeel oor daardie plekke gekom het. Let op na die konteks van die res van *Lukas 17*.

Luk 17:31 *In daardie dag moet hy wat op die dak sal wees, terwyl sy huisraad in die huis is, nie afkom om dit weg te neem nie; en so ook moet hy wat op die land sal wees, nie omdraai na wat agter is nie.*  
Luk 17:32 *Dink aan die vrou van Lot!*  
Luk 17:33 ***Elkeen wat probeer om sy lewe te red, sal dit verloor; en elkeen wat dit verloor, sal dit behou.***  
Luk 17:34 *Ek sê vir julle: In daardie nag sal daar twee op een bed wees; **die een sal aangeneem** en die ander verlaat word.*  
Luk 17:35 *Twee vroue sal saam maal; die **een sal aangeneem** en die ander verlaat word.*  
Luk 17:36 *Twee sal op die land wees; die **een sal aangeneem** en die ander verlaat word.*  
Luk 17:37 *En hulle antwoord en sê vir Hom: Waar, Yahweh? En Hy sê vir hulle: Waar die liggaam lê, daar sal die aasvoëls saamkom.*

Die dissipels het gevra waarheen die mense geneem word. Yahshua het geantwoord deur te verwys na die dooies se liggame wat deur aasvoëls opgepik sal word. Dit gaan dus oor die sondaars en nie die regverdige gelowiges nie. Neem kennis van die ooreenkomstige gedeelte in *Mattheus*.

Matt 24:37 *En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.*  
Matt 24:38 *Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het,*  
Matt 24:39 ***en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.***  
Matt 24:40 *Dan sal daar twee op die land wees; die een word aangeneem en die ander word verlaat.*  
Matt 24:41 *Twee vroue sal by die meul maal; die een word aangeneem en die ander word verlaat.*  
Matt 24:42 *Waak dan, omdat julle nie weet watter uur Yahshua kom nie.*  
Matt 24:43 *Maar weet dit: as die huisheer geweet het in watter nagwaak die dief sou kom, sou hy gewaak en nie toegelaat het dat in sy huis ingebreek word nie.*  
Matt 24:44 *Daarom moet julle ook gereed wees, want die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie.*

Dit was die sondaars wat deur die vloedwaters weggevoer was en gesterf het.

Let wel, Yahshua kom terug na die aarde, ons gaan nie hemel toe nie. Ons sal saam met Yahshua heers, hier op aarde, in Sy Koninkryk (*Op 5:10 "en het ons konings en priesters vir onse Elohim gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers."*). Met ander woorde, die sondaars sal weggeneem word van die aarde voordat Yahshua se Koninkryk op aarde gevestig word vir Sy millennium, anders gestel, duisendjarige vrederyk.

*Matt 13:36 Nadat Hy die skare weggestuur het, het Yahshua huis toe gegaan; en sy dissipels het na Hom gekom en gesê: Verklaar vir ons die gelykenis van die onkruid in die saailand.*

*Matt 13:37 En Hy het geantwoord en vir hulle gesê: Hy wat die goeie saad saai, is die Seun van die mens,*

*Matt 13:38 en die saailand is die wêreld. Die goeie saad—dit is die kinders van die koninkryk, en die onkruid is die kinders van die Bose,*

*Matt 13:39 en die vyand wat dit gesaai het, is die duiwel. Die oes is die voleinding van die wêreld, en die maaiers is die engele.*

*Matt 13:40 **Net soos die onkruid dan bymekaargemaak en met vuur verbrand word, so sal dit wees in die voleinding van hierdie wêreld:***

*Matt 13:41 die Seun van die mens sal sy engele uitstuur, en hulle sal uit sy koninkryk bymekaarmaak al die struikelblokke en die wat die ongeregtigheid doen,*

*Matt 13:42 en sal hulle in die vuuroond gooi. Daar sal geween wees en gekners van die tande.*

*Matt 13:43 **Dan sal die regverdiges skyn soos die son in die koninkryk van hulle Vader.** Wie ore het om te hoor, laat hom hoor.*

In die bogenoemde teks sê Yahshua duidelik dat wettelose sondaars bymekaargemaak word sodat hulle in die vuuroond gegooi word, maar diegene wat gehoorsaam en regverdig bly sal skyn in die Koninkryk van Yahweh. Dit is interessant dat Christen leraars vandag verkondig dat Yahweh se Torah weggedoen is en daarom 'n wettelose evangelie verkondig. Hulle leer hul kerkgangers dat die gelowiges weggeraap sal word, maar intendeel, is dit juis die wat weggeneem word wat na die poel van vuur geneem gaan word. Nog 'n vals leerstelling is dat Yahshua twee keer terugkom aarde toe. Eerstens, soos 'n dief in die nag (1 Tess 5:2) vir die "wegraping" en dan 'n tweede keer om oorlog te voer met die leërmagte by Armageddon. Is dit werklik wat die Woord sê? Die volgende verduideliking is eers nodig voordat die vraag beantwoord kan word.

Die taal wat Yahshua gepraat het was Aramees. Die vroegste Nuwe Testament manuskripte was ook in Aramees, 'n dialek van Hebreeus, geskryf. Die Aramees sowel as Hebreeuse tale is idiomatiese tale wat idiome gebruik om sekere konsepte te beklemtoon of verduidelik. Die teks in 1 Tess 5:2 is een van die idiomatiese uitdrukkings. "Soos 'n dief in die nag" verwys geensins na 'n tweede verskyning van Yahshua nie, maar dien as 'n waarskuwing vir ware gelowiges om waaksaam te wees.

In 1 Tess 5 skryf Paulus aan die gelowiges dat hy nie aan hulle hoef te sê wanneer Yahshua sal terugkeer nie omdat die evangelie alreeds beklemtoon dat mense sal eet en drink en aangaan met hul normale gang van die lewe tot die einde. Met ander woorde, daardie mense sal nie die tekens van die eindtyd sien soos wat dit in *Openbaring* geskryf staan nie. Paulus gebruik die ooreenkomstigheid van die dief in die nag om die toekomstige gebeurtenis te verduidelik.

Waar kom die gesegde: "Soos 'n dief in die nag" vandaan? Gedurende die eerste eeu moes 'n priester deurnag wakker bly in die tempel om die heiligdom van Yahweh te bewaar. Die priester het selfs nie eens skoene gedra nie sodat hy op die koue vloer loop om wakker te bly. Gewoonlik het 'n jong seun saam met die priester wag gestaan om oor hom te waak sodat hy die priester help om wakker te bly. Indien die Hoë Priester in die nag die tempel sou betree (niemand het geweet wanneer dit sou wees nie) en die priester vind dat hy slaap sou die Hoë Priester die kleed van die nagwag priester aan die brand steek. Die volgende dag sou almal die priester sonder sy kleed sien en weet dat hy op sy pos geslaap het. Daardie priester sou met vernedering sy skande dra.

Die waarskuwing waarna Paulus verwys, toe hy van die dief in die nag geskryf het, was dat niemand van ons weet wanneer Yahshua se wederkoms is nie, daarom moet ons gereed wees, op die uitkyk vir sy koms en sorg dat ons bruijlofskleed skoon is vir die bruijlofsmaal. Paulus het die gelowiges gewaarsku om nie soos die ongelowiges te wees nie, maar eerder op hul hoede te wees soos 'n wag wat waaksaam is oor Yahweh se heiligdom sodat hulle nie uitgesluit word van die bruijlofsmaal soos die dwase maagde nie. Let wel, wanneer Yahshua sê Hy kom soos 'n dief in die nag, beteken dit nie dat hy voor die verdrukking sal kom nie, maar aan die einde van die Diere mag se heerskappy, net voor Armageddon.

Op16:15 Kyk, Ek kom soos 'n dief. Salig is hy wat waak en sy klere bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie.

Op 16:16 En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word Armageddon.

### 13.8 Yahshua se wederkoms

Matt 24:27 Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.

Dan 7:13 Ek het gesien in die naggestigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom.

Dan 7:14 En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; Sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en Sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie.

### 13.9 Keer Yahshua terug voor die Diere mag en die vervolging van gelowiges begin?

Matt 24:29 En dadelik **ná die verdrukking van daardie dae** sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word.

Matt 24:30 En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en **die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel** met groot krag en heerlikheid.

Op 1:7 Kyk, **Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien**, ook hulle wat Hom deursteeke het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen!

Dit is duidelik dat Yahshua se wederkoms nie twee keer plaasvind nie. Wanneer Yahshua terugkeer sal elke oog hom sien en weet wie Hy is. Die Woord sê nie dat Yahshua in die geheim sal terugkeer om gelowiges stilletjies weg te raap nie.

### 13.10 Waar sal Yahshua se volgelinge hul bevind ten tyde van sy wederkoms?

Matt 24:31 En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en **hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke**, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.

In sommige vertalings van die Bybel word die woord lug, verkeerdlik vertaal as hemel sodat dit verkeerd geïnterpreteer word. In die oorspronklike manuskripte is dit duidelik dat die engele die uitverkorenes vanuit die **4 hoeke van die AARDE** sal bymekaarmaak. Yahshua sal Sy heilige gelowiges, na die blaas van 'n trompet, vanuit die vier windstreke versamel. Die vier windstreke (noord, suid, oos en wes) in die Bybel, verwys altyd na die aarde. Die gelowiges wat versamel word is die wat in die lewe oorbly na die verdrukking van die Diere mag.

1 Tess 4:17 Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Meester tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Meester wees.

Die tyd wanneer dit gaan gebeur is met die blaas van die laaste trompet.

Op 10:7 Op die dag wanneer die sewende engel op sy trompet gaan blaas, sal Elohim se verborge bedoeling met alles bereik word, soos Hy dit aan Sy dienaars, die profete, bekend gemaak het [ANV, 1983].

Op 11:15 En **die sewende engel het geblaas**, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van Yahweh geword en van sy Messias, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid.



1 Tess 4:13 Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie.

1 Tess 4:14 Want as ons glo dat Yahshua gesterwe en opgestaan het, dan sal Elohim ook so die wat in Yahshua ontslaap het, saam met Hom bring.

1 Tess 4:15 Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Almagtige, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van Yahshua, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie.

1 Tess 4:16 Want die Meester self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van Yahweh; en die wat in Yahshua gesterf het, sal eerste opstaan.

1 Tess 4:17 daarna sal ons wat nog lewe, saam met hulle op die wolke weggevoer word, die lug in, die Meester (Yahshua) tegemoet. En so sal ons altyd by Meester wees.

1 Tess 4:18 Troos mekaar dan met hierdie woorde. [ANV 1983]

1 Kor 15:51 Kyk, ek maak 'n geheimenis aan julle bekend: Ons sal nie almal sterwe nie, maar ons sal almal verander word.

1 Kor 15:52 By die laaste trompet sal dit in 'n oomblik, in 'n oogwink, gebeur, want die trompet sal weerklink, en die dooies sal as onverganklikes opgewek word, en ons sal verander word.

Dit is duidelik dat Yahshua nie sal terugkeer voor die laaste 7 jaar periode voor die Jubeljaar nie, maar Hy sal verskyn met die blaas van die laaste trompet.

In *Openbaring* is daar 7 seëls wat gelowiges sal waarsku dat die tyd naby is. Daar is ook sewe trompette wat geblaas sal word gedurende die heerskappy van die Diere mag. Yahshua se wederkoms sal gebeur met die blaas van die sewende trompet om die Dag van Yahweh aan te kondig, wanneer Hy die oordeel van Yahweh sal bring wat die begin sal wees van die sewe laaste bakke. Weereens is daar niks geskryf oor 'n misterieuse wegraping nie.

Yahshua se getroue, gelowige verbondsvolk word nie weggeraap nie en is nog op die aarde met Sy wederkoms. Paulus stel dit duidelik in Tessalonisense dat die slapende dooies sal opstaan en daarna sal die wat nog lewe, Yahshua in die lug ontmoet. Paulus was onder die indruk dat Yahshua gedurende sy leeftyd sou terugkeer na die aarde, maar hy was glad nie onder die indruk dat hy weggeraap sou word nie; eerder dat hy en die ander gelowiges op aarde sou wees met Yahshua se wederkoms.

### 13.11 Nog bewyse dat gelowiges deur verdrukking sal gaan en nie in die hemel sal wees nie

Op 7:9 Ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande;

Op 7:13 Toe het een van die ouderlinge gesprek en vir my gesê: Hulle wat bekleed is met die wit klere, wie is hulle en waarvandaan het hulle gekom?

Op 7:14 En ek sê vir hom: My Meester, u weet dit. En hy sê vir my: **Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom**, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam.

Daar nie een Bybel teks wat spreek van 'n wegraping voor die verdrukking nie. Satan gebruik mense om vals leerstellings aan ander as waarheid te verkondig sodat mense nie voorbereid sal wees op die moeilike tye wat voorlê nie.

### 13.12 Wie sal gered word? Wie sal saam met Yahshua in Yahweh se koninkryk heers?

Matt 24:13 Maar wie **volhard tot die einde toe**, hy sal gered word.

Op 21:7 **Hy wat oorwin**, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n Elohim wees, en hy sal vir My 'n seun wees.

Die probleem met die wegraping teorie is dat die Laodisiese gelowige hulself blind staar teen hul foute en nie dink aan die voorbereiding vir die eindtyd nie. Hulle versuim om hul sonde te bely en sien geen noodsaaklikheid om na 'n lewe sonder sonde te streef nie. Inteendeel, hulle glo dat hulle as sondige wesens weggeraap sal word. Die studie bewys dat dit glad nie die geval is nie.

### 13.13 Wat is die spirituele kondisie van meeste gelowiges in die eindtyd?

- Op 3:15 Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm!*  
*Op 3:16 Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug.*  
*Op 3:17 Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie.*  
*Op 3:18 Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien.*

Meeste mense dink dat spirituele verryking en beskerming bekombaar is deur 'n gereelde kerkganger te wees. Dit is die mens wat in *Openbaring 3:15-18* beskryf word. Hulle is louwarm omdat hulle nie 100% toegewyd is aan die werk van Yahweh nie. Hulle is deel van die wêreld. In plaas daarvan om hulself van die dinge van die wêreld te verwyder staan hulle een voet uit en die ander voet in die bouse wat gekenmerk word aan kleredrag, hulle beroep, die keuse van rolprent en televisie programme, "body piercings", tatoeëring (teen Torah) sataniese musiek met demoniese ritmes en lirieke ens. Dit is alles dinge van die nuwerwetse, sekulêre gemeenskap waarvan mense moet afstand doen as hul werklik 'n volgeling van Yahshua wil wees.

### 13.14 Wat sê die Skrif? Wat moet die eindtyd gelowiges doen om hul kleed wit te hou in voorbereiding vir Yahweh se koninkryk?

- Op 3:19 Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. **Wees dan ywerig en bekeer jou.***  
*Op 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand My stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.*  
*Op 3:21 Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op My troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het.*  
*Op 3:22 Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.*
- Op 2:16 **Bekeer jou**; anders kom Ek gou na jou toe en sal teen hulle oorlog voer met die swaard van my mond.*  
*Op 2:17 Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die verborge manna, en Ek sal hom gee 'n wit keursteen, en op dié steen 'n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang.*
- Op 2:26 En aan **hom wat oorwin en My werke tot die einde toe bewaar**, sal Ek mag oor die nasies gee,*  
*Op 2:27 en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van My Vader ontvang het.*  
*Op 2:28 En Ek sal hom die môrester gee.*  
*Op 2:29 Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.*
- Op 3:5 **Wie oorwin**, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor My Vader en voor Sy engele.*  
*Op 3:6 Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.*

Volgens die tekste is die spirituele toestand van eindtyd gemeentes nie in 'n goeie toestand nie. Menigte het van die geloof en vertrouwe in Yahshua weggedraai en is doenig met die dinge van die wêreld; ander verwerp Yahweh se regtelike orde en sommiges stel hulself bloot aan enige iets omdat hulle nie regtig omgee wat die waarheid is nie.

In *Openbaring* is daar sewe gemeentes in die eindtyd. Behalwe vir twee (een is die martelaars) word daar vir die res gesê dat hulle hul sondes moet bely en nie weer terugdraai na hul sondige natuur nie andersins staan hulle die risiko om nie in Yahweh se koninkryk te wees nie. Dit is teenstrydig met die vals wegraping teorie wat sê dat almal hemel toe gaan, maak nie saak hoeveel sonde in hul lewe is nie. Mense besef nie dat Yahweh dit juis toelaat dat ons deur verdrukking en toetse gaan sodat ons gereinig word en ons klere wit gewas word in gereedmaking om Yahweh in Sy koninkryk te dien.

*Jak 1:2 Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoeking val,  
Jak 1:3 omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk.*

### **13.15 Is al die eindtyd gelowiges in 'n spiritueel arm posisie en/of is daar nog toegewyde gelowiges?**

*Op 3:7 En skryf aan die engel van die gemeente in Filadelfia: Dít sê die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie:*

*Op 3:8 Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het **min krag** en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie.*

*Op 3:10 Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel.*

Die Filadelfiane is 'n eindtyd gemeente wat nie halfhartig is, vals leerstellings aanvaar en ook nie 'n kompromie aangaan met die wêreld nie. Filadelfia beteken, broeder liefde, met ander woorde, die mense van die gemeente se liefde vir mekaar is nie koud of afsydig nie, al is daar soveel sonde en immoraliteit op die aarde.

#### **Die Filadelfiane word geken aan die volgende eienskappe:**

- Goeie vrugte wat hul houding en werke oplewer;
- Hulle het nie Yahweh en Yahshua se name of die Torah ontken nie.
- Die gemeente is nie 'n groot en ryk korporatiewe kerk nie omdat hulle "min krag" het.
- Hulle is getrou in hul geloof en toewyding aan Yahweh en Sy evangelie boodskap.
- Hulle kom uit georganiseerde geloofsinstansies en streef na 'n verhouding met Yahweh.
- Hulle het 'n dryfkrag om die waarheid na te volg sonder kompromie.
- Geesdriftig vir die waarheid en opgewonde oor Yahweh se komende koninkryk.
- Hul lewens is nie gevul met wêreldse dinge nie, maar eerder heilige dinge soos bybelstudie en om hul medemens te help en lief te hê soos hulself.

Meeste mense wil in die bogenoemde kategorie pas, maar dit sal nie gebeur tensy 'n definitiewe poging aangewend word om uit die Babiloniese sisteem uit te kom sodat groei plaasvind in die genade en kennis van ons Meester Yahshua. Dit is die mense wat hulle ten volle toewy aan Yahshua in elke aspek van hul lewe, daagliks selfsug bestry, leef in geloof dat Yahweh die Herder en Voorsiener is, die Skrif bestudeer en voortdurend bid en praat met Yahweh, asook om die weduwee en minder bevoorregtes te help (Les 2: Wat is opregte bekering).

Ongelukkig leef meeste mense nie soos die Filadelfiane nie. Die komende verdrukking sal deur Yahweh toegelaat word sodat gelowiges gereinig word van sonde omdat hulle nie hul sondige natuur uit eie wil teengestaan het toe hulle die keuse gehad het nie. Maar, die ware Filadelfiane wie nou al kwalifiseer en leef volgens geloof en hul lewens toewy aan Yahweh en Sy Koninkryk sal na 'n plek van veiligheid geneem word waar Yahweh hulle sal beskerm teen die komende verdrukking omdat hulle reeds bewys het dat hulle gelowig is aan Yahweh en Sy Woord.

*Jes 26:20 Kom, my volk, gaan in jou binnekamers en sluit jou deur agter jou toe, verberg jou vir 'n klein oomblik, totdat die grimmigheid verbygaan.*

*Jes 26:21 Want kyk, Yahshua sal uit sy plek uitgaan om die ongeregtigheid van die bewoners van die aarde oor hulle te besoek; en die aarde sal die bloed openbaar maak wat deur hom gedrink is, en die wat op hom gedood is, nie langer toedek nie.*

*Op 12:9 En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp.*

*Op 12:10 Toe hoor ek 'n groot stem in die hemel sê: Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse Elohim geword, en die mag van Sy Messias; want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse Elohim, dag en nag.*

*Op 12:11 En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuïenis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.*

*Op 12:12 Daarom, wees verheug, o hemele en die wat daarin woon; wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het.*

*Op 12:13 En toe die draak sien dat hy neergewerp is op die aarde, het hy die vrou vervolg wat die seuntjie gebaar het;*

*Op 12:14 maar die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek, kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang onderhou word, 'n tyd en tye en 'n halwe tyd.*

*Op 12:15 En die slang het uit sy bek water soos 'n rivier agter die vrou aan uitgegooi, om haar te laat wegvoer deur die rivier.*

*Op 12:16 En die aarde het die vrou te hulp gekom, en die aarde het sy mond oopgemaak en die rivier opgesluk, wat die draak uit sy bek uitgegooi het.*

*Op 12:17 En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die geboorte van Elohim bewaar en die getuïenis van Yahshua Messias hou.*

Ons Hemelse Vader put nie genot daaruit om Sy kinders te kasty nie, maar sou dit veel eerder verkies dat ons trou aan Hom alleen belooft. Die Almagtige Vader het toegelaat dat eertydse Israel deur Satan beproef word, daarom laat Hy dit toe dat Satan ook mense beproef deur die eindtyd Diere mag, sodat hulle nader aan Yahweh beweeg. Soos vroeër gesê sal diegene wat vandag reeds hul lewens aan Yahweh toewy en in geloof leef nie deur dieselfde beproewing gaan nie, maar sal na 'n spesifieke plek gelei word vir beskerming in die uur van moeilikheid.

Let wel, nie almal sal na die plek van veiligheid geneem en beskerm word nie. In *Openbaring* het ons gelees dat die vrou na 'n plek van veiligheid geneem word vir beskerming, maar Satan vervolg dan die agtergeblewenes wat wel Yahweh se geboorte gehoorsaam en geloof het in Yahshua. Dit sal nie die fisieke nasie van Israel wees nie, omdat hulle nie Yahweh se geboorte nagevolg het nie en ook nie geloof in Yahshua gehad het nie. Die agtergeblewenes in *Openbaring 12:7* verwys na die Laodisiese gelowiges wat nie hul roeping ernstig opneem nie, maar halfhartig in hul geloof staan; dit is hulle wat gereinig gaan word ten tyde van die verdrukking (*Op 7:14*).

Die uitverkorenes wat na die plek van veiligheid gelei gaan word vir beskerming teen die eindtyd Diere mag sal nie gaan voordat Satan vanuit die hemel neergewerp word en die 4de deel van die eindtyd Dier in Daniël daargestel is nie. Alle gelowiges sal deur een of ander vorm van teistering en reiniging gaan. Slegs die wat getrou bly aan die geloof in Yahshua sal die wraak van Satan vryspring gedurende die heerskappy van die Diere mag van *Openbaring 13*.

Gelowiges moet dus nie fokus op die vals leerstelling van die wegraping nie, omdat dit nie Skriftelik is nie. Fokus eerder om jouself te reinig van die immorele, sekulêre samelewing. Streef na 'n heilige lewe volgens die sondelose voorbeeld wat Yahshua gestel het, andersins gaan ons nie vir Yahweh sien nie.

*Heb 12:14 Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand Yahweh sal sien nie;*

**KORTLIKSE SAMEVATTING:**

- 1.) Die wegraping, voor die eindtyd verdrukking, is nie Skriftelik nie. Die eertydse Apostels het ook nie daaraan geglo of verkondig nie. Alle gelowiges sal gereinig word deur beproewing en verdrukking.
- 2.) Ons word beveel om ons sondige natuur te bowe te kom en volhard tot die einde.
- 3.) 'n Klein groep van gelowiges sal na 'n plek van beskerming gelei word gedurende die eindtyd Diere mag se heerskappy. Hulle was reeds in die eindtyd gereinig deur beproewing, maar het volhard in die geloof. Die Laodisiese gelowiges sal nie na die plek van veiligheid gaan nie omdat hulle nog gereinig moet word.